
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# EKONOMIE V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C – Openbare sektor ✓✓
1.1.2 B – Kapitaal ✓✓
1.1.3 C – Owerheidsbesteding ✓✓
1.1.4 A – Kuznets-sikus ✓✓
1.1.5 B – Deregulasie ✓✓
1.1.6 A – Plaaslike ✓✓
1.1.7 D – Vergelykende ✓✓
1.1.8 D – Daal ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS-ITEMS

1.2.1 C – proposie van die besteebare inkomste wat huishoudings nie verbruik nie ✓

1.2.2 E – voorgeskryf deur die Verenigde Nasies om BBP-syfers saam te stel ✓

1.2.3 G – koop en verkoop van staatseffekte om die geldeenheid te beïnvloed ✓

1.2.4 B – uitvloei van geld uit die ekonomie ✓

1.2.5 A – oordrag van eienaarskap van bates van die private sektor na die openbare sektor ✓

1.2.6 H – verbruik deur een persoon verminder nie verbruik deur 'n ander persoon nie ✓

1.2.7 I – verseker 'n toename in die aanbod van gestandaardiseerde goedere deur outamatiese meganiese proses ✓

1.2.8 D – likiede bates wat deur die IMF beskikbaar gestel word om die tekorte op die betalingsbalans te finansier ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE EEN TERM

1.3.1 Geldmark ✓

1.3.2 Ressesie ✓

1.3.3 Parastatale/ ondernemings in staatsbesit ✓

1.3.4 Wisselkoers ✓

1.3.5 Repokoers ✓

1.3.6 Laffer-kromme ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van belasting op goedere.**

- Belasting op toegevoegde waarde/BTW ✓
- Invoer tariewe ✓
- Aksynbelasting ✓
- Brandstofheffings ✓
- Doeaneregte ✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan die fiskale beleid gebruik word om die ekonomiese aktiwiteit te beïnvloed?**

- Die verskaffing van noodsaaklike goedere en dienste, die bou van menslike kapitaal en die skep van fiskale ruimte vir infrastruktuur-belegging wat hoër ekonomiese groei dryf. ✓✓
- Uitbreiding van besteding en verlaging van belasting om ʼn sukkelende ekonomie te stimuleer, vermindering van besteding of verhoging van belasting om stygende inflasie te bestry. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer ʼn voorbeeld van ʼn inspuiting uit die uittreksel hierbo.**

- Beleggings ✓
- Owerheidsbesteding ✓ (1)

2.2.2 **Noem enige EEN tipe vloei in ʼn ekonomiesekringloop-model.**

- Reële vloei ✓
- Geldvloei ✓ (1)

2.2.3 **Verduidelik kortliks die term *afgeleide verbruik.***

Afgeleide verbruik is die gedeelte van besteding op goedere en dienste wat direk met ʼn verbruiker se besteebare inkomste verander soos inkomste styg, so ook afgeleide verbruik of soos inkomste daal, so ook verbruiksbesteding wat afhang van huidige inkomste wanneer inkomste toeneem, neem verbruik toe omdat mense ʼn deel van bestaande inkomste bestee. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die interaksie tussen huishoudings en firmas in ʼn ekonomiesekringloop.**

Huishoudings verskaf produksiefaktore aan firmas en firmas betaal daarvoor. ✓✓

Firmas produseer goedere en dienste en verkoop dit aan huishoudings en ontvang in ruil daarvoor ʼn inkomste. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.5 **Gebruik die vermenigvuldiger formule om die uiteidelike verandering in totale inkomste te bereken, indien daar 'n inspuiting van R50 biljoen in die ekonomie en 'n mvg van 0,5 gemaak is. Toon ALLE berekeninge.**

K = 1/1 - mvg
K = 1/1 - 0,5 ✓
K = 2 ✓

ΔY = 2 x 50 bn ✓
= 100 bn ✓
Die verandering in totale inkomste is R100 bn (4)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer die letter wat die tendenslyn in die illustrasie hierbo verteenwoordig.**

K ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige EEN fase van die sakesiklus.**

- Voorspoed ✓
- Resessie ✓
- Herstel ✓
- Depressie ✓ (1)

2.3.3 **Verduidelik kortliks die term *sakesiklus.***

Sakesikus verwys na die opeenvolgende toenemende en afnemende ekonomiese aktiwiteit oor 'n tydperk/'n tydreeks wat herhaaldelike toenemende en afnemende ekonomiese aktiwiteit toon/verwys na die huidige patroon van uitbreiding en inkriming in die vlak van ekonomiese aktiwiteit ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Verduidelik die ekonomiese aktiwiteit gedurende die fase EF in die sakesiklus hierbo.**

- Die ekonomie groei en verbeter vining. ✓✓
- Die besigheid maak oop en indiensneming neem toe. ✓✓
- Hoër vraag en hoër pryse vir kapitaalgoedere en firmas maak hoër winste en huishoudings se salarisse styg. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank ʼn resessie in ʼn sakesiklus voorkom?**

- Die SARB sal die repokoers afwaarts aanpas, wat tot laer rentekoerse sal lei wat lenings sal aanmoedig, wat tot verhoogde kapitaalinvestering deur besighede vir verhoogde produksie sal lei. ✓✓
- Laer rentekoerse verswak die geldeenheid, wat veroorsaak dat die rand depresieer wat Suid-Afrikaanse uitvoere meer mededingend maak en die vraag na plaaslike goedere stimuleer, en die ekonomie sal ʼn hupstoot kry. ✓✓
- Die SARB kan staatseffekte van banke koop, wat daartoe sal lei dat kommersiële banke al hoe meer sal hê om aan verbruikers en besighede te leen. ✓✓
- Die SARB kan die kontantreserwesvereistes verlaag, wat banke dwing om meer geld uit te leen, wat tot verhoogde besteding en beleggings in die ekonomie lei.

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik die monetaristiese verduideliking van die sakesiklus.**

- Monetaristiese verduideliking verwys na daardie onafhanklike faktore wat sakesiklusse kan beïnvloed en buite die ekonomie ontstaan het. ✓✓
- Die monetariste glo dat market inherent stabiel is en dat enige onewewigheid deur eksterne kragte veroorsaak word, b.v. onvanpaste regeringsbeleide. ✓✓
- Die regering moet nie in die mark ingryp nie, omdat eksterne faktore afwykings veroorsaak. ✓✓
- Sonvlek-teorie gebaseer op die oortuiging dat verhoogde sonstraling veranderinge in weertoestande veroorsaak het. ✓✓
- Weertoestande, tegnologiese veranderinge en skokke veroorsaak opswaaie en afswaaie in die sakesiklus wat die werking van markte ontwrig. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

2.5 **Evalueer die gebruik van belastingverlaging as ʼn manier om die ekonomie te stimuleer.**

**Positiewe impak:**

- Belastingverlagings kan die korttermyn ekonomiese aktiwiteit ʼn hupstoot gee deur die vraag te verhoog, veral wanneer die ekonomie in resessies is en belasting op lae- en middle-inkomsteverdieners gemik is. ✓✓
- Korporatiewe belastingverlagings moedig besighede aan om te herbelê in bedrywighede wat tot werkskepping en BBP-groei lei, en in die proses sal besighede hoër winste maak wat verdere produksie aanmoedig. ✓✓
- Belastingverlagings sal die kontantvloei van besighede verhoog en kapitaalkoste verminder, wat besighede aanmoedig om uit te brei en aanstellings te verhoog om aan die hoë vraag te voldoen. ✓✓
- Laer inkomstebelasting verhoog besteebare inkomste wat verhoogde verbruikersbesteding aan goedere en dienste aanmoedig, wat tot hoër BBP sal lei. ✓✓
- Mededinging tussen besighede sal verbeter, wat die land vir meer buitelandse beleggings aantrekliker sal maak. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Negatiewe impak:**

- Belastingverlagings wat deur die verhoogde staatslening gefinansier word, word kan rentekoerse verhoog en ekonomiese groei vertraag. ✓✓
- Hoër besteebare inkomste asgevolg van belastingverlagings kan mense ontmoedig om meer te werk, wat dus ekonomiese groei beïnvloed. ✓✓
- Belastingverlagings kan langtermyn ekonomiese groei vertraag deur tekorte te verhoog. ✓✓
- Hoër marginale belastingkoerse kan werk, spaargeld, beleggings en innovasies ontmoeding. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE kenmerke van die fiskale beleid.**

- Doelwit gebonde ✓
- Vraagsydig ✓
- Siklies ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is belangrik vir 'n land om direkte buitelandse beleggings te lok?**

- Buitelandse direkte belegging sal kapitaal in die ekonomie inspuit, reserwes versterk, infrastruktuur befonds en afhanklikheid van skuld verminder. ✓✓
- Dit moedig industriële ontwikkeling en diversifikasie van die ekonomie aan. ✓✓
- BDI skep werksgeleenthede en verminder werkloosheid. ✓✓
- Buitelandse direkte investering verbeter produktiwiteit en doeltreffendhed in die ekonomie, wat weer tot laer pryse lei. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die jaar wat as basis gebruik is, in die tabel hierbo.**
2021 ✓ (1)

3.2.2 **Wat was die tendens in die indeks van uitvoerpryse tussen 2022 en 2023?**
Afnemende of dalende ✓ (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks die term *ruilvoet.***
Ruilvoet word gemeet deur die verhouding tussen 'n land se uitvoerpryse en sy invoerpryse. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2.4 **Wat is die uitwerking van 'n swak wisselkoers op die ruilvoet?**

- 'n Swak wisselkoers verhoog die pryse van invoere en verminder die vraag na ingevoerde goedere. ✓✓
- 'n land se handelsvoorwaardes sal verbeter word deur uitvoere goedkoper te maak vir buitelanders, wat die vraag na uitgevoerde goedere verhoog. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

3.2.5 **Bereken die ruilvoet vir 2024 (A). Toon ALLE berekeninge.**
Ruilvoet = uitvoerpryse / invoerpryse x 100
= 121,5 ✓ ÷ 120,5 ✓ x 100 ✓
= 100,8 of 101 ✓
(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die fokusarea wat met ekonomieses ontwikkeling geassosieer word, uit die uittreksel hierbo.**
Verbetering van maatskaplike welvaart ✓ (1)

3.3.2 **Noem die aanvaarde skuldreël as persentasie van BBP.**
60% of minder as 60% ✓ (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3.3 **Verduidelik kortliks die term *nasionale begroting.***
Die nasionale begroting is die staatsdokument wat verwagte inkomste en geraamde uitgawes toon. ✓✓
(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik die voordele van die privatisering van staatsondernemings aan die staat.**
- Die staat sou meer inkomste genereer om ander programme te finansier. ✓✓
- Bevorder mededinging om pryse te verlaag en produktontwikkeling te dryf. ✓✓
- Verminder finansiële las deur staatsbeheerde ondernemings te subsideer. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

3.3.5 **Waarom is die prysbeleid 'n probleem vir die regering met betrekking tot die voorsiening van goedere en dienste?**
- Onvanpaste prysbeleid soos subsidies of prysbeheer kan markseine verdraai. ✓✓
- Subsidies kan byvoorbeeld oorverbruik of vermorsing aanmoedig, terwyl prysbeheer tot tekorte of surpluses kan lei. ✓✓
- Hierdie vervormings belemmer optimale hulpbrontoewysings wat die volhoubaarheid van openbare sektorvoorsiening beïnvloed. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Verduidelik klimaat-toestande en arbeidsbronne as aanbodredes vir internasionale handel.**

**Klimaattoestande**
- Klimaattoestande maak dit vir sommige lande moontlik om sekere goedere teen 'n laer prys as ander lande te produseer. ✓✓
- Hierdie lande het 'n mededingende voordeel bo ander lande. ✓✓
- Byvoorbeeld, Brasilië is die grootste vervaardiger van koffie in die wêreld. ✓

**Arbeidhulpbronne**
- Arbeidhulpbronne verskil in kwaliteit, kwantiteit en koste tussen lande. ✓✓
- Sommige lande het hoogs geskoolde, goed betaalde werkers met hoë vlakke van produktiwiteit. ✓✓
- Ontwikkelde lande het gewoonlik meer opgeleide werkers as ontwikkelende lande ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) ✓✓
**LET WEL:** (Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys/opnoem van feite toe) (8)

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5 **Hoe kan huishoudings as belangrike deelenemers in die ekonomiesekringloop-model bydra tot die bou van die ekonomie?**

- Die eienaars van die produksiefaktore kan probeer om die kwaliteite verbeter, wat beteken hulle maak ʼn bydra tot die ekonomie. ✓✓
- Huishoudings kan hulle produksiefaktore aan besighede verkoop en bydrae tot die produksie van goedere en dienste wat ekonomiese groei sal laat styg. ✓✓
- Huishoudings kan hul spaargeld verhoog, wat as beleggings gekanaliseer kan word, wat kapitaal vir besigehde verskaf om uit te brei en te innoveer, en sodoende indirekte bydrae tot verhoogde produksie in die vervaardigingssektor. ✓✓
- Huishoudings kan fokus om Suid-Afrikaanse goedere te koop wat plaaslike produksie sal stimuleer, toekomstige uitvoere en verhoogde penetrasie van markte internasionaal. ✓✓
- Huishoudings kan hulle belasting betaal wat bydrae tot regerings inkomste, voorsiening van infrastruktuur, openbare goedere en sosiale welsyn programme. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord)
(Ken ʼn maksimum van 2 punte vir blote lys feite/voorbeelde) (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 4.1.1 **Noem enigeTWEE subrekeninge as die finansiële rekening as die betalingsbalans.**

- Direkte beleggings ✓
- Portefeuljebeleggings ✓
- Ander beleggings ✓
- Finansiële transaksies ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Wat is die betekenis van ’n verbetering in die ruilvoet?**

- Dit dui daarop dat die land meer uit sy uitvoere verdien as wat dit aan invoere bestee, wat moontlik sy betalingsbalansposisie kan versterk. ✓✓
- Dui daarop dat ’n land voordeel trek uit sy handel wat sy algehele ekonomiese stabiliteit kan verbeter. ✓✓
- Kan ekonomiese groei en moontlik meer hulpbronne vir binnelandse belegging aandui ✓✓
- Gunstige handelsvoorwaardes kan nuwe markte en inkomste strome oopmaak en ’n klientebasis bereik ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die tipe belasting uit die inligting hierbo wat op niemerietegoedere gehef word.**

- Doeanereg en aksynreg ✓ (1)

4.2.2 **Noem enige EEN objektief van die staat.**

- Ekonomiese groei ✓
- Volle indiensneming ✓
- Ekonomiese gelykheid ✓
- Prys stabiliteit ✓
- Wisselkoers stabiliteit ✓ (1 x 1) (1)

4.2.3 **Verduidelik kortlik die term *indirekte belasting.***

Indirekte belasting verwys na die belasting wat gehef word op die verkoop van goedere en dienste en kan oordraagbaar wees, b.v BTW ✓✓
(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

4.2.4 **Wat sou die finansiële implikasie van ’n 2% verhoging in BTW vir die regering wees?**

- ’n Verhoging in BTW sal die regering van ’n bykomende inkomste voorsien, wat ’n stabiele inkomstebron verseker ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2.5 **Hoe kan die effektiewe gebruik van begrotings provinsies met die doeltreffende dienslewering help?**

- Provinsies kan dienslewering deur strategiese bondgenoot-begrotingshulpbronne verskaf aan gebiede met die grootste behoefte/ potensiële impak. ✓✓
- Dit behels die ontleding van data oor bevolkings demografie, sosio-ekonomiese aanwysers en diensbenuttings koerse om die doeltreffendste areas vir belegging te identifiseer. ✓✓
- Die evaluering van koste en voordele van verskillende dienslewering metodes kan provinsies help om die mees doeltreffenndste opsie te kies. ✓✓
- Oop begrotingsprosesse en duidelike aanspreeklikheidsmeganisme kan vermorsing en korrupsie verminder, wat tot meer doeltreffende dienslewering lei. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die oorspronklike wisselkoers op die grafiek**
1,50 ✓ (1)

4.3.2 **Noem die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word.**
- Vryswewende ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *devaluasie.***
Devaluasie is die doelbewuste afname in die waarde van die geldeenheid deur die sentrale bank. ✓✓
(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik enige faktor wat ’n toename in die vraag na VS-dollars in Suid-Afrika kan veroorsaak.**
- Suid-Afrika kan VS-dollars eis wanneer hulle goedere en dienste van die VSA wil koop ✓✓
- Suid-Afrikaanse toeriste wat na die VSA wil reis, sal meer dollars eis ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan invoere gebruik word om die betalingsbalanstekort reg te stel?**
- Wisselkoers depresiasie kan aangepas word deur die waarde van ’n land se geldeenehid relatief tot ander geldeenhede te verminder, waardeur ’n gedeperesieerde geldeenheid invoere duurder maak en uitvoere goedkoper wat uitvoere aanmoedig en invoere verminder. ✓✓
- Die staat kan invoertariewe implementeer en kwotas om die volume van invoere te beperk wat dit duurder sal maak en plaaslike vervaardiging aanmoedig. ✓✓
- Invoere kan met plaaslike produksie vervang word wanneer lande aansporings gee om plaaslik vervaardiging van goedere aan te moedig in plaas van om dit in te voer. ✓✓

(Aanvaar enige relevante korrekte antwoord) (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.4 **Onderskei tussen die *lopende rekening* en *kapitaaloordragrekening* van die betalingsbalans.**

**Lopende rekening**
- Lopende rekeninge teken internasionale transaksies wat verband hou met produksie, inkomste en uitgawes in die huidige tydperk aan. ✓✓
- Lopende rekening toon die netto inkomste van 'n land. ✓✓
- Dit is hoofsaaklik gemoeid met die ontvangste en betalings van kontant en die kapitaal-items. ✓✓
- Die sleutel komponente van die lopende rekening is uitvoere en invoere van goedere en dienste. ✓✓ (Maks. 4)

**Kapitaaloordrag rekeninge**
- Kapitaal oordrag rekeninge rekord die kapitaalbewegings in en uit die ekonomie. ✓✓
- Kapitaal oordrag rekeninge toon die verandering in die eienaarskap van die nasies se bates. ✓✓
- Die getoonde saldo weerspieël die netto bedrag van kapitaaloordrag, hetsy negatief of positief. ✓✓
- Die rekening het deeglik die bronne en aanwending van kapitaal in ag geneem. ✓✓
- Buitelandse direkte investering en lenings deur die regering van een land aan die regering van 'n ander land is sleutel komponente van kapitaal rekeninge. ✓✓ (Maks. 4)

4.5 **Evalueer die mate waarin 'n verhoging in beide direkte en indirekte belasting die begrotingstekort sal verbeter.**
- 'n Verhoging in direkte korportiewe inkomstebelasting/belasting op spesifieke goedere en dienste kan ekonomiese groei positief beïnvloed en moontlik die begrotingstekort verminder deur meer inkomste vir regeringsuitgawes te verskaf. ✓✓
- Verhogings in persoonlike-inkomstebelasting kan egter nadelige gevolge vir groei hê en is moontlik nie so effektief soos direkte belasting in die genereering van inkomste nie. ✓✓
- 'n Verhoging in BTW kan die doeltreffendheid van inkomste-invordering verbeter en belastingontduiking verminder. ✓✓
- Dit is die tweede grootste bydraer tot belastinginkomste in Suid-Afrika, na persoonlike-inkomstebelasting. ✓✓
- Die regressiewe aard van BTW beteken egter dat armer huishoudings 'n groter deel van hul inkomste aan BTW belaste goedere bestee, wat dalk nie so voordelig is soos direkte belasting om die begrotingstekort te verminder nie. ✓✓
- Die doeltreffendheid van belastingverhogings in die verbetering van die begrotingstekort is afhanklik van hoe die regering die bykomende inkomste gebruik. ✓✓
- Indien die fondse aan produktiewe beleggings toegeken word, kan die langtermyn voordele vir die totale aanbod enige kortermyn negatiewe uitwerking op die totale vraag laat swaarder weeg. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte televante antwoord) (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in detail die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting. (26 punte)**
- **Hoe kan hierdie fiskale beleid gebruik word om ekonomiese aktiwiteite positief te beïnvloed? (10 punte)**

**INLEIDING**

- Vooruitskatting in sakesiklusse is 'n deurslaggewende aspek van ekonomiese beplanning, wat besighede en beleidvormers in staat stel om toekomstige ekonomiese tendense te voorspel en daarvoor voor te berei. ✓✓
- Ekonome moet voorspel wat in die ekonomie gaan gebeur deur verskeidenheid ekonomiese veranderlikes te bestudeer en te monitor. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding) (Maks. 2)

**HOOFDEEL**

**Leidende aanwysers** ✓
- Leidende aanwysers is statististiese maatstawwe wat geneig is om te verander voordat die ekonomie as geheel verander. ✓✓
- Dit gee verbruikers, besighede en die staat 'n kykie na die rigting waarin die ekonomie moontlik beweeg. ✓✓
- Hierdie aanwysers verander rigting voordat die ekonomie van rigting verander. ✓✓
- Hulle bereik 'n piek voordat die ekonomie 'n piek bereik. ✓✓
- Wanneer hierdie aanwysers voorspoed toon, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook oor 'n paar maande styg, bv. aantal nuwe voertuie verkoop, reële uitvoere van goedere, ens. ✓✓
- Leidende aanwysers help voorspellers om draaipunte in die sakesiklus te antisipeer, wat besighede in staat stel om hul strategieë ooreenkomstig aan te pas. ✓✓

**Samevallende aanwysers** ✓
- Samevallende aanwysers wys die werklike toestand van sake van die ekonomie aan wat voorspellers help om die werklike ekonomiese situasie te verstaan en besluite oor beleggings, produksie en aanstelling in te lig. ✓✓
- Hulle verander dieselfde tyd as die ekonomie. ✓✓
- As die sakesiklus 'n piek bereik en begin daal, sal die waarde van die kleinhandelverkope 'n piek bereik en terselfdertyd begin daal. ✓✓
- Hulle dui die werklike toestand van die ekonomie aan. ✓✓

**Sloerende aanwysers** ✓
- Sloerende aanwysers sal nie van rigting verander nie totdat die sakesiklus van rigting verander het nie. ✓✓
- Hulle dien om die gedrag van samevallende aanwysers te bevestig, b.v nuwe masjinerie wat verkoop is. ✓✓
- As die sakesiklus die piek bereik en begin daal, kan ons die waarde van nuwe masjinerie wat verkoop word, voorspel ✓✓
- Voorbeelde van hierdie aanwysers is ure in konstruksie gewerk en die totaal kommersiële voertuie wat verkoop is ✓✓
- Sloerende aanwysers help voorspellers om tendense te bevestig en hul voorspellings diensooreenkomstig aan te pas. ✓✓

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Saamgestelde aanwysers** ✓
- Dit is die groepering van verskeie aanwysers van dieselfde tipe in ŉ enkele waarde. ✓✓
- Hierdie enkele syfer verteenwoordig die norm van ŉ land se ekonomiese prestasie. ✓✓

**Tendens** ✓
- ŉ Tendens is die algemene rigting waarin die ekonomie beweeg. ✓✓
- Dit het gewoonlik ŉ positiewe helling omdat die produksiekapasiteit van die ekonomie mettertyd toeneem. ✓✓
- Tendense is nuttig omdat hulle die algemene rigting waarin die ekonomie oppad is aandui. ✓✓
- Dit dui die tempo van toename/afname in die vlak van produksie aan. ✓✓
- Tendense help ekonome om die breër ekonomiese konteks te identifiseer. ✓✓

**Lengte** ✓
- Lengte verwys na die tyd wat dit neem vir ŉ sakesiklus om deur een volledige siklus te beweeg. ✓✓
- Dit word gemeet van piek tot piek of trog tot trog. ✓✓
- As sakesiklusse langer duur, beskou ons die ekonomie as sterk. ✓✓
- Langer siklusse toon sterkte en korter siklusse met betrekking tot ekonomiese aktiwiteite toon swakhede. ✓✓
- Begrip van lengte help voorspellers om die tydsberekeninge van potensiele draaipunte te antipiseer. ✓

**Amplitude** ✓
- Amplitude is die vertikale verskil tussen die totale uitset vanaf die tendenslyn en die piek. ✓✓
- Dit meet die afstand van die ossilasie van ŉ veranderlike vanaf die tensdenslyn. ✓✓
- Dit is die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteit. ✓✓
- Hoe groter die amplitude, hoe meer ekstreme verandering kan plaasvind. ✓✓
- Dit meet die grootte van die skommelinge in ekonomiese aktiwiteit – hoe sterk ŉ uitbreiding of inkrimping is. ✓✓
- Amplitude help om die potensiële impak van ŉ sakesiklusfase te bepaal ✓✓

**Ekstrapolasie** ✓
- Ekstrapolasie beteken om iets onbekends te skat uit feite wat bekend is. ✓✓
- Dit is die tegniek om vorige data te gebruik om voorspellings oor die toekoms te maak. ✓✓
- Dit word ook gebruik om ekonomiese voorspellings in ander omgewings te maak. b.v voorspellings van toekomstige aandeelpryse. ✓✓
- Dit behels dat vorige tendense of patrone na die toekoms uitgebrei word met die aanmae van kontinuiteit. ✓✓
- Ekstrapolasie word algemeen gebruik, maar kan riskant wees as tendense verander. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Bewegende gemiddelde** ✓

- Hulle word gebruik om die verandering in datareeks oor 'n tydperk te ontleed. ✓✓
- Dit is 'n statistiese analistiese instrument wat gebruik word om die verandering wat in 'n reeks data oor 'n sekere tydperk plaasvind, te analiseer. ✓✓
- Bewegende gemiddeldes kan vir die afgelope drie maande bereken word om enige geringe skommelinge uit te stryk. ✓✓
- 'n Statististiese hulpmiddel wat korttermyn fluktuasies gladstryk en langer tendense of sikliese uitsig. ✓✓
- Hulle help om onderliggende patrone is data te identifiseer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maximum van 8 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde) (Maks. 26)

**BYKOMENDE DEEL**

Die regering mag verskeie instrumente soos owerheidsbesteding, belasting en oordragbetalings gebruik. ✓✓

- Wanneer die ekonomie in 'n ressesie is, kan die staat 'n uitbreidende fiskale beleid aanneem in 'n poging om die ekonomiese insinking te beperk en ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- Verhoogde owerheidsbesteding kan totale vraag verhoog en dus ekonomiese groei stimuleer. ✓✓
- Werksgeleenthede sal in die ekonomie geskep word en mense sal geld hê om die aan goedere en dienste te spandeer, wat sal lei tot 'n verdere toename in produksie. ✓✓
- Belasting kan verminder word, wat die besteebare inkomste in die hande van individue verhoog, wat verbruik en beleggings aanmoedig. ✓✓
- Die regering kan owerheidsbesteding verhoog en terselfdertyd belasting verlaag, en dit sal 'n dubbele effek hê. ✓✓
- Verhoog owerheidsbesteding met geleende geld (d.w.s begrotingstekort). ✓✓
- Totale besteding neem toe, so ook vraag. ✓✓
- Die ekonomie word gestimuleer en indiensneming sal waarskynlik toeneem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opsomming/feite) (10)

**GEVOLGTREKKING**

Deur verskeie tegnieke en gereedskap te gebruik kan voorspellers waardevolle insigte vir besighede en beleidmakers verskaf, wat strategiese besluite inlig en ekonomiese groei dryf. ✓✓
(Aanvaar enige hoër-orde relevante gevolgtrekking) (Maks. 2) (2)
**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6**

- **Bespreek in detail die redes vir openbaresektor-mislukking. (26)**
- **Hoe beïnvlod die openbaresektor-mislukking ekonomiese stabiliteit? (10)**

**INLEIDING**

Die openbare sektor misluk wannneer dit nie in staat is om hulpbronne in die regte hoeveelheid en gehalte toe te ken nie. ✓✓
Openbare sektor mislukking verwys na die onvermoë van regeringsagentskappe en instellings om hul beoogde doelwitte te bereik, wat dikwels tot ondoeltreffende toewysing van hulpbronne, swak dienslewering en verminderde openbare vertroue lei. ✓✓
Openbare sektor mislukking vind plaas wanneeer die ekonomie en die land se hulpbronne so bestuur word dat die welstand van die mense nie verbeter word nie en die lewering van dienste ondoeltreffend is. ✓✓

**HOOFGEDEELTE**
**Bestuursmislukking** ✓

- Onkunde bv. gebrek aan leierskap, ervaring en opleiding, kan tot die verbetering van iemand se welstand ten koste van iemand anders lei. ✓✓
- Soms word regeringsdepartemente en staatsondernemings swak bestuur as gevolg van burokrasie, onvoldoende ervaring, gebrek aan leierskap en onvoldoende vaardighede. ✓✓
- Daar word nie van hierdie departemente verwag om winste te maksimeer nie, hulle ontvang begrotingstoewysings gebaseer op beraamde koste en behoeftes. ✓✓
- Mislukkings kan daartoe lei dat begrotingstoewysings nie bestee word nie-hulpbronne word vermors en dit sal regerings intervensies duur, ondoeltreffend en oneffektief maak. ✓✓

**Apatie/Onverskilligheid** ✓

- Regeringsamptenare toon min of geen belangstelling in die lewering van ŉ doeltreffende diens aan die publiek nie, want daar is geen aanspreeklikheid nie. ✓✓
- Korrupsie en swak dienslewering is van die simptome van apatie. ✓✓
- Suksesvolle openbare produksie berus op langtermyn-aanspreeklikheid. ✓✓

**Gebrek aan motivering** ✓

- Werkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering, maar word slegs gemonitor op insette en die korrekte nakoming van prosedures en prosesse. ✓✓
- Dit kan tot beperkte dienste, hoë koste en lae gehalte lei ✓✓
- Gebrek aan motivering onder staatsamptenare lei tot lae vlakke van produktiwiteit, swak diens aan die publiek en ŉ ondoeltreffende gebruik van hulpbronne. ✓✓
- Die openbare sektor het ŉ swak rekord vir die montering en evaluering van sy eie prestasie en lewering, en dit lei tot swak regerings verantwoordelikheid. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Spesiale belangegroepe** ✓
- Pogings deur belangegroepe soos boere of georganiseerde arbeid beïnvloed die regering tot hul eie voordeel. ✓✓
- Politici bevorder soms beleide en hou aan om geld aan projekte te bestee as hulle stemme in ruil daarvoor kan kry. Hierdie beleide kan ondoeltreffende toewysing van hulpbronne behels. ✓✓
- Politici kan ook hul eie belange dien deur korrupsie, persoonlike en versteekte agendas en verdragte motiewe. ✓✓
- Spesiale belangegroepe kan die regering beïnvloed om tot hul voordeel op te tree, byvoorbeeld om hulle van winsgewende kontrakte en gunstige regulasies te voorsien. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
Openbare sektor mislukking benadeel 'n ekonomie aansienlik deur die volgende te veroorsaak:
- Hulpbronvermorsing en wantoewysing – ondoeltreffende toewysing van belastingbetalersfondse beteken dat geld nie optimaal gebruik word nie, die vermorsing van waardevolle hulpbronne aan produktiewe projekte of die versuim om beloofde dienste te lewer (b.v. ongeboude skole) kan lei tot die wantoewysing van hulpbronne, aangesien regeringsingryping markmegaisme kan verdraai en tot ondoeltreffende toewysing van goedere en dienste kan lei. ✓✓
- Ongelykhede en armoede – die versuim om inkomste effektief te herverdeel en billike toegang tot geleenthede (onderwys, gesondheidsorg, werke) te bied verergerde armoede en vergroot die gaping tussen ryk en arm. ✓✓
- Verminderde belegging en groei-onstabiliteit, korrupsie en swak regering ontmoedig beide binnelandse en buitelandse beleggings wat ekonomiese groei en ontwikkeling verlangsaam ✓✓
- Aanhoudende mislukking in die openbare sektor kan beleggers en verbruiksvertroue ondermyn, wat tot verminderde beleggings, laer verbruik en algehele ekonomiese onstabiliteit lei. ✓✓
- Laer produktiwiteit – gebrek aan motivering en burokrasie is struikelblokke in die openbare sektor verminder algehele produktiwiteit, wat dienslewering en ekonomiese uitset beinvloed. ✓✓
- Ondoeltreffende openbare sektorbedrywighede kan algehele produktiwiteit verminder en hulpbronne word nie optimaal benut nie, wat tot laer produksie en self groei lei ✓✓
- Ekonomiese onstabiliteit – ondoeltreffende fiskale en montêre beleide, gemisde groeitekens en swak bestuur van openbare finansies kan die hele ekonomie destabiliseer ✓✓
- Verminderde vertroue en sosiale onrus – burgers raak apaties of gegrief wanneer belasting nie resultate lewer nie, wat moontlik tot protesoptogte en sosiale onstabiliteit kan lei, wat ekonomiese vooruitgang verder belemmer. ✓✓
- Hoër koste – ondoeltreffende openbare dienste dwing individue en besighede om meer te betaal vir private alternatiewe, b.v. sekuriteitskrag, toenemende insetkoste en verminderde mededingendheid. ✓✓
- Begrotingsdruk – mislukking van die openbare sektor kan staatsbegrotings onder druk plaas, wat lei tot verhoogde skuld en potensiële verdringing van private beleggings, wat ekonomiese stabiliteit negatief kan beïnvloed. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opnoem van feite) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**GEVOLGTREKKING**

Deur die uitdagings en beperkings van openbare sektor-instellings te erken, kan regerings werkskep wat meer doeltreffende, verantwoordbare en responsiewe openbare dienste wat ekonomiese groei ondersteun en lewensgehalte verbeter. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte hoër-orde gevolgtrekking) (Maks. 2) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou